# MIDSTREAM COLLEGE

**Omsendskrywe 6/2024**
**18 April 2024**

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Die wispelturigheid van die weer die laaste paar maande het almal aan die raai – ons is van ongekende hittegolwe in Maart na oorstromings in April. Die eerste tekens van die winter in die lug is 'n herinnering aan die wintersport en kultuuroefeninge wat die tweede kwartaal op buitemuurse gebied oorheers. Midstream College se leerders het wyd en syd vir hulle onderskeie sporttoere deur die land getoer. Ek glo julle is goed voorberei vir die taai ligawedstryde wat voorlê en onthou altyd die volgende wyse woorde van die legendariese Vince Lombardi:

*The price of success is hard work, dedication to the job at hand, and the determination that whether we win or lose, we have applied the best of ourselves to the task at hand.*

Medaljes by die dosyne was die afgelope maand ons swemmers, atlete, tennis- en muurbalspelers se leuse. Hulle het geskitter van streeksbyeenkomste tot senior SA's. Baie geluk aan iedereen, en 'n spesiale saluut aan die ouers wat hulle deur dik en dun ondersteun het (meer besonderhede oor hierdie prestasies volg later in hierdie nuusbrief).

Ons agste Belgiese uitruilgroep het verlede Donderdag na 'n wonderlike twee weke in Suid-Afrika, waar hulle aan huis by 30 van ons leerders was, teruggevlieg. Hulle het tipiese Suid-Afrikaanse gasvryheid beleef, en ons leerders kan nie wag vir hul wederkerige kuier in September in België nie. 'n Groot woord van dank aan al die ouers, leerders en onderwysers wat hierdie uitruil fasiliteer het.

Vanuit 'n College- en akademiese perspektief kan te veel afwesighede besondere uitdagings bied. Verseker asseblief dat julle kinders nie onnodig enige skooldag misloop nie. Leerders se punte word gefinaliseer en hulle rapporte vir die eerste kwartaal sal teen Maandag elektronies beskikbaar wees. Neem asseblief kennis van ons eerste oueraand die daaropvolgende Maandag 29 April vanaf 16:00 (net voor die la..ang naweek). U kind bespreek 'n tydgleuf by die onderwysers wat u graag wil sien.

Geniet die bedrywige kwartaal en gepaardgaande veranderende seisoene.

# AKADEMIE

## LANGNAWEEK IN MEI

Daar is ‘n langnaweek van Woensdag 1 Mei tot Sondag 5 Mei. U word daaraan herinner dat daar op Dinsdag 30 April ‘n geskeduleerde toets is en dat leerders nie vir verlengde lagnaweekdoeleindes verskoon kan word nie.

## VAKVERANDERINGE

Alle versoeke vir vakveranderige moet na die Visehoof van Akademie, me Madelaine Matthys, ge-e-pos word (mmatthys@midstreamcollege.co.za). Neem asseblief kennis dat geen vakveranderinge vir hierdie kwartaal na 30 April toegelaat sal word nie.

## JUNIE-EKSAMENROOSTER

Die finale weergawe hiervan is op die leerders se tablette geplaas en is ook op die skool se webwerf beskikbaar. Let asseblief daarop dat geen leerder van ‘n geskeduleerde eksamen vir verlengde vakansiedoeleindes verskoon kan word nie. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

## KREATIEWE SKRYFKUNS

Baie geluk aan Lin-Mari Rudolph wat genooi is om haar gedig 'We Could' by die Iziko Freedom Day Youth Dialogue wat op 27 April plaasvind, aan te bied. Lin-Mari se gedig verskyn in die 2023 *English Alive*-skryfbundel.

# KULTUUR

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### DANS

Elmarie Lubbe het aan die Suid-Afrikaanse ronde van die Danswêreldbeker deelgeneem en ‘n derde plek vir haar balletduet behaal.

# SPORT

## ATLETIEK

Atletiek Suid-Afrika (ASA) se kampioenskap het van 21 tot 23 Maart te Pilditch stadion plaasgevind. 19 van Midstream College se atlete het, as deel van die AGN-span, deelgeneem.

| ASA - kampioenskap | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt (800+) | Posisie in finaal |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | 808 | 11 |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 200 m | 865 | 1 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 90 m-hekkies | 921 | Semifinaal:11 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ethan Mahlangu | Seuns 15 | 100 m | 808 | 4 |
| | | 200 m | 837 | 3 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | 854 | 7 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 1 500 m-hindernis | 920 | 1 |
| O'neile Nyoni | Seuns 15 | 400 m | | 11 |
| Rupert Groenewald | Seuns 15 | 1 500 m-hindernis | 913 | 9 |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 886 | 9 |
| | | 400 m-hekkies | 810 | 10 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 2 000 m-hindernis | 892 | 7 |
| Jané Male | Meisies 17 | 2 000 m-hindernis | | 15 |
| Lente Groenewald | Meisies 19 | 800 m | 883 | 11 |
| Juan Breytenbach | Seuns 19 | 3 000 m | 862 | 13 |
| Zabine von Westernhagen | Meisies 19 | 5 000 m | 808 | 10 |
| | | 3 000 m-hindernis | | 6 |
| Lea Manikas | Meisies 19 | Driesprong | | 5 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 862 | Semifinaal:11 |
| | | 400 m-hekkies | 839 | Semifinaal:13 |
| Thabang Rammabi | Seuns 19 | Verspring | | 13 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 800 m | 852 | 3 |
| | | 1 500 m | 957 | 6 |
| Chichi Moshokoa | Meisies 19 | Hoogspring | | 13 |

Die SA Skolekampioenskap het van 4 tot 6 April in die Paarl plaasgevind. Vier van Midstream College se atlete het Gauteng verteenwoordig en vyf medaljes huis toe gebring.

| SA Skolekampioenskap | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt (800+)** | **Posisie in finaal** |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 1 500 m-hindernis | 952 | 2 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 2 000 m-hindernis | 937 | 2 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 851 | 2 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 800 m | | 3 |
| | | 1 500 m | 914 | 2 |

## SWEM

| Vlak 2-kampioenskap | | Vlak 3-kampioenskap | |
|---|---|---|---|
| **Naam** | **Prestasie** | **Naam** | **Prestasie** |
| Lika van der Merwe | $2^{de}$ 4x50 m-wisselslagaflos<br>$2^{de}$ 4x50 m-vryslagaflos<br>$1^{ste}$ 4x100 m-vryslagaflos | Annabell Sirrals | $3^{de}$ 4x50 m-vryslagaflos |
| Ané Claassen | $3^{de}$ 4x100 m-vryslagaflos | Rii Spoelstra | $3^{de}$ 4x50 m-vryslagaflos |
| Ethan Koen | $2^{de}$ 200 m-vryslag<br>$2^{de}$ 200 m-rugslag<br>$2^{de}$ 100 m-vlinderslag<br>$1^{ste}$ 4x100 m-wisselslagaflos | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Caitlin Camacho | $2^{de}$ 100 m-vlinderslag<br>$2^{de}$ 100 m-vryslag<br>$2^{de}$ 50 m-vlinderslag<br>$2^{de}$ 200 m-vryslag<br>$2^{de}$ 4x50 m-gemengde wisselslagaflos<br>$1^{ste}$ 4x50 m-wisselslagaflos<br>$1^{ste}$ 4x50 m-gemengde vryslagaflos<br>$1^{ste}$ 4x50 m-vryslagaflos<br>$1^{ste}$ 4x100 m-vryslagaflos | | |

14 van ons swemmers het van 14 tot 19 Maart aan die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskap (SANJ's), te Durban deelgeneem.

| SANJ-kampioenskap | |
|---|---|
| **Naam** | **Prestasie** |
| Lyla van der Spuy | $7^{de}$ 100 m-vlinderslag<br>$9^{de}$ 100 m-rugslag<br>$2^{de}$ 4x100 m-wisselslagaflos |
| Jana Swiegers | $7^{de}$ 200 m-rugslag<br>$9^{de}$ 50 m-rugslag<br>$9^{de}$ 100 m-rugslag<br>$3^{de}$ 4x100 m-wisselslagaflos |
| Grace Powell | $7^{de}$ 200 m-vryslag<br>$8^{ste}$ 50 m-vlinderslag<br>$8^{ste}$ 100-vlinderslag |
| Jemma van Wyk | $6^{de}$ 400m-vryslag<br>$9^{de}$ 800 m-vryslag<br>$12^{de}$ 200 m-vryslag |
| Abigail Roberts | $6^{de}$ 50 m-rugslag<br>$9^{de}$ 50 m-rugslag<br>$12^{de}$ 50 m-vlinderslag<br>$2^{de}$ 4x100 m-vryslagaflos<br>$2^{de}$ 4x100 m-wisselslagaflos<br>$2^{de}$ 4x50 m-vryslagaflos |
| Xander du Toit | $6^{de}$ 200 m-individuele wisselslag<br>$7^{de}$ 100 m-vlinderslag<br>$9^{de}$ 50m-vlinderslag |
| Rouxné du Plessis | $4^{de}$ 200 m-rugslag<br>$12^{de}$ 100 m-vryslag<br>$2^{de}$ 4x100 m-vryslagaflos<br>$2^{de}$ 4x100 m-wisselslagaflos |
| Demi Jacobs | $4^{de}$ 200 m-individuele wisselslag<br>$8^{ste}$ 400 m-individuele wisselslag<br>$9^{de}$ 100 m-vlinderslag<br>$3^{de}$ 4x100 m-wisselslagaflos |

| | |
|---|---|
| Kylie de Bruyn | 3de 1 500 m-vryslag<br>4 de 800 m-vryslag<br>5 de 400 m-vryslag<br>10 de 200 m-vryslag |
| Lance Cromhout | 2de 400 m-vryslag<br>1ste 100 m-rugslag<br>1ste 50 m-rugslag<br>1ste 200 m-rugslag<br>1ste 4x100 m-wisselslagaflos |
| Adrian van Wyk | 3de 100 m-vryslag<br>2de 800 m-vryslag<br>2de 200 m-vryslag<br>2de 400 m-vryslag<br>2de 200 m-rugslag<br>1ste 100 m-rugslag<br>1ste 50 m-rugslag<br>2de 4x100 m-vryslagaflos<br>1ste 4x50 m-vryslagaflos |

Lizelle Venter, Sebastiaan Struwig en Juan Pretorius het ook aan hierdie kompetisie deelgeneem. Vyf van ons swemmers het vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Senior Kampioenskap wat vanaf 8 tot 13 April te Gqeberha plaasgevind het, gekwalifiseer. Adrian van Wyk het uitsonderlik presteer deur 'n brons medalje in die 800 m-vryslag te verower.

| SANAT-kampioenskap | |
|---|---|
| **Naam** | **Prestasie** |
| Kylie de Bruyn | 11de 1 500 m-vryslag (B-finaal)<br>13de 800 m-vryslag (B-finaal)<br>22ste 400 m-vryslag |
| Grace Powell | 30ste 50 m-vlinderslag<br>61ste 100 m-vryslag |
| Xander du Toit | 35ste 200 -individuele wisselslag<br>39ste 100 m-vlinderslag<br>85ste 100 m-vryslag<br>79de 50 m-vlinderslag |
| Lance Cromhout | 5de 200 m-rugslag (A-finaal)<br>14de 50 m-vryslag (B-finaal) |
| Adrian van Wyk | 3de 800 m-vryslag (A-finaal)<br>5de 400 m-vryslag (A-finaal)<br>6de 50 m-rugslag (A-finaal)<br>10de 100 m-vryslag (B-finaal) |

## MUURBAL

12 spelers het van 12 tot 14 April aan SA Geslote Kampioenskap by St John's College deelgeneem. Die meeste van ons spelers moes aan 'n hoër ouderdomsgroep deelneem.

Hul uitslae was as volg:

| Ouderdomsgroep | Speler | Plek |
|---|---|---|
| Seuns 19A | CA Froneman | 14 |
| Meisies 19A | Elzandri Janse van Rensburg | 2 |
| Meisies 19A | Namratha Eswari Niranjan | 17 |
| Seuns 16A | Aurick Sheosunker | 19 |
| Meisies 16A | Anushka Janse van Rensburg | 8 |
| Meisies 16A | Sarah de Villiers | 14 |
| Meisies 16A | Amelia Lubbe | 21 |
| Meisies 16A | Kathleen de Kock | 25 |
| Seuns 14A | Mangaliso Mbatha | 4 |
| Seuns 14A | Evan Janse van Rensburg | 13 |
| Seuns 14A | Michael Basson | 17 |
| Seuns 14A | Innes Meyer | 18 |

Die uitslae van die sesde en sewende ligabepalings is as volg:

| Span | Opponent | Plek |
|---|---|---|
| Seuns C | Menlopark | 14 – 6 |
| Seuns D 1 | Eldoraigne | 16 – 0 |
| Seuns E | Menlopark | 6 – 14 |
| Seuns D 1 | CBC Mt Edmund | 14 – 4 |
| Seuns C | Eldoraigne | 10 – 6 |
| Seuns D 1 | PBHS | 16 – 2 |
| Seuns E | CBC Mt Edmund | 16 – 0 |

## TENNIS

Onlangse liga-uitslae is as volg:

| Span | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| Meisies 19A | Menlopark C | 54 – 13 |
| Meisies 19B | Centurion A | 36 – 31 |
| Meisies 19C | Zwartkop C | 26 – 41 |
| Meisies 15B | Montana | 43 – 23 |
| Seuns 15A | Waterkloof C | 44 – 23 |
| Seuns 15B | Woodhill | 66 – 1 |
| Seuns 19A | PBHS | 5 – 2 |
| Seuns 19B | Woodhill | 52 – 15 |

## RUITERSPORT

| SANESA Gauteng Tshwane – Kwalifiseerder 3 | | |
|---|---|---|
| Ruiter | Dissipline | Plek |
| Cyllene van der Merwe | Show jumping 70 cm Competition<br>Show jumping 70 cm 2-Phase<br>Working Riding | 18<br>24<br>4 |
| Kynan van Zyl | Vaulting on Barrel<br>Vaulting on Horse | 2<br>3 |

## WINTERSPORT

Die laaste derby teen Northcliff het vir groot opwinding en goeie kompetisie gesorg.

| Span | Meisieshokkie | Seunshokkie | Netbal | Rugby |
|---|---|---|---|---|
| 14A | 1 – 1 | 9 – 0 | 7 – 27 | 49 – 0 |
| 14B | - | - | 20 – 6 | 13 – 12 |
| 14C | 0 – 1 | - | 20 – 5 | 5 – 12 |
| 14D | - | - | 14 – 9 | - |
| 15A | 8 – 0 | - | 42 – 4 | 12 – 16 |
| 15B | - | - | 28 – 1 | 7 – 35 |
| 15C | 1 – 2 | - | 21 – 2 | - |
| 15D | - | - | 28 – 1 | - |
| 16A | 9 – 1 | 2 – 0 | 21 – 8 | 24 – 7 |
| 16B | 1 – 0 | - | 16 – 13 | 19 – 7 |
| 16C | - | - | - | 7 – 5 |
| 17A | - | - | 21 – 20 | - |
| 17B | - | - | 5 – 15 | - |
| 3de | - | - | - | 0 – 50 |
| 2de | 6 – 0 | 1 – 1 | 10 – 15 | 6 – 29 |
| 1ste | 0 – 3 | 3 – 2 | 20 – 24 | 24 – 17 |

### Meisieshokkie

Die volgende drie spanne het 12 April aan toernooie deelgeneem:

| Span | Wedstryd 1 | | Wedstryd 2 | | Wedstryd 3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Opponent | Uitslag | Opponent | Uitslag | Opponent | Uitslag |
| 14B @ Menlopark | Garsfontein | 0 – 0 | Menlopark | 1 – 0 | Zwartkop | 2 – 0 |
| 15B @ Waterkloof | Menlopark 15C | 0 – 2 | Menlopark 15D | 1 – 0 | – | – |
| 3de @ Garsfontein | Garsfontein | 0 – 2 | Menlopark 4de | 1 – 1 | Menlopark 3de | 0 – 4 |

### Seunshokkie

| Span | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| 1ste | Waterkloof | 1 – 0 |
| 16A | Waterkloof | 0 – 5 |
| 14A | Waterkloof | 0 – 0 |
| 16C | Eduplex | 0 – 5 |
| 14C | Eduplex | 0 – 5 |

**Meisieshokkie teen AHMS**

| Span | o. 14 | o. 15 | o. 16 |
|---|---|---|---|
| C | 0 – 6 | 0 – 0 | - |
| B | 0 – 0 | 0 – 0 | 0 – 3 |
| A | 0 – 2 | 2 – 2 | 0 – 1 |

| Span | Senior |
|---|---|
| 3de | 0 – 9 |
| 2de | 0 – 9 |
| 1ste | 0 – 4 |

**Netbal**
Die volgende meisies is deur is na die finale ronde van die Gautengproewe:

| o. 14 | o.15 |
|---|---|
| Madison van Eeden | Iva Mukadi |
| Edith Otte | |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat aan nie-skoolsportaktiwiteite deelneem en uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en/of sertifikate aan mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

**RUITERSPORT**
Gedurende die vakansie het Daniella de Vries vierde by die Paasnaweektoernooi in die 100 cm *Show jumping* (A2-akkumulator en die kampioenskapklas) geëindig.

**DRIEKAMP**
Alon Beyleveld het aan die Tinman 2-kompetisie deelgeneem en in die Super Sprint Tri TinMan Joburg #2 ‘n algehele tweede plek in die 14- tot 15-ouderdomsgroep behaal.

Robért Ford, Ruben Bruyns en Sebastian Bruyns het Suid-Afrika op 6 April by Afrikabeker en die SA Kampioenskap in Nelson Mandelabaai verteenwoordig.

**ONDERWATERHOKKIE**
Ethan Mitchell het die vakansie aan die Junior Nasionale Kampioenskap in Kaapstad deelgeneem. Sy span, die Gauteng o. 19-mans, het goud by die kompetisie gewen.
Hy het 'n goue medalje en 'n hertoekenning van sy vol provinsiale kleure vir Gauteng ontvang.

**TENNIS**
Jayden Summers het aan die Nasionale Junior Kampioenskap deelgeneem en het as naaswenner in die o. 16-enkelspel uit die stryd getree en die dubbelspeltitel gewen.

**BERGFIETS**
Nika Nortjé het aan die SA XCO- & XCC-reeks in die vakansie deelgeneem. Nika het in die jeugafdeling meegeding en as volg geëindig:

- *Cross-country Olympic* – 4de;
- *Cross-country Short Track* – 5de.

**KARATE**
Meagen de Beer is vir die Internasionale Shotokan Karate Federasie gekies om Suid-Afrika by die Shoto Wêreldbeker in Londen te verteenwoordig.

# ALGEMEEN

## KLEREWINKEL

Neem asseblief kennis dat die volgende nommers gebruik kan word om die Square@Midstream se klerewinkel te kontak:

- 065 073 8027 (slegs oproepe)
- 064 937 0551 (WhatsApp en oproepe)

## RENOSTERPROJEK

Midstream College stel bekend: baba Fiona, die sewe maande oue renostertjie van Rietvlei-natuurreservaat. 'n Minimum donasie van R50 sal Fiona se aanneming deur die Midstream-familie verseker. Fondse word vir aanvullende voeding, mediese onkostes en sekuriteit gebruik. Word deel van Fiona se suksesverhaal!

Gebruik asseblief die onderstaande skakel vir donasies: https://mscpp.co.za/product/outreach-rhino-project/



**KOMMUNIKEER MET ONS:**

www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

**VOLGENDE OMSENDSKRYWE:**

Donderdag 9 Mei 2024